

Wie is Digital Dzonga?

Die regering het 'n raadgewende liggaam, Digital Dzonga, aangestel om die migrasie na digitale televisie te koördineer. Ingesluit hierby is verteenwoordigers van die regering, uitsaaiers, reguleerders, verbruikers en vervaardigers.

Digital Dzonga is betrokke by elke aspek van die digitale migrasie om belanghebbendes toe te rus met die nodige vaardighede en tegnologie vir die oorgang. Digital Dzonga sal die pogings van die regering, uitsaaiers en toerustingvervaardigers koördineer, die publiek onderlig oor hoe digitale TV werk en verbruikers se regte beskerm deur die voorsiening en verskaffing van die nuwe tegnologie en inhoud te reguleer.

In die migrasie na digitale TV is dit van kritieke belang dat daar aan televisiekykers se behoeftes voorsien word. Digital Dzonga gaan die volgende in plek stel om verbruikers te beskerm en by te staan:

- Stelsels vir die doeltreffende installering van lugdrade en ander toerusting waar nodig.

- Die ontwikkeling van 'n doeltreffende verbruikersoproepsentrum waar verbruikers se vrae oor die migrasie beantwoord kan word en klagtes gelê kan word.

- 'n Hulpskema om kwesbare groepe by te staan met die migrasie. So 'n skema sal praktiese bystand verleen aan die groepe wat waarskynlik die moeilikste sal migreer na die nuwe tegnologie. Die skema sal diegene bystand wat kwalifiseer vir subsidies en ander groepe soos die met gestremdhede en bejaardes, met, byvoorbeeld, die installering en werking van die toerusting.



Me. Lara Kantor, voorsitter van die Digital Dzonga-raad.

'n Omvattende openbare opvoedings- en bewusmakingsveldtog gaan binnekort bekendgestel word om te verseker dat almal die nodige inligting en ondersteuning ontvang wat nodig is vir die digitale migrasie.

Alhoewel daar nog baie gedoen moet word om die gladde migrasie na digitale televisie te verseker, is Suid-Afrika se beplanning en voorbereiding reeds ver gevorder. Die land se digitale migrasieplan het die tweede plek behaal in die beste oorskakelingsplankategorie op die Digital Switchover Strategiesgeleentheid wat in Februarie verlede jaar in Londen gehou is.